GEESTELIKE OUTORITEIT

[Deel 3 | **STORMSTERK**]

SKRIFLESING Mark. 4:35-41
TEKSVERS Mark. 4:39-40

- Om die konteks van ons gesprek vas te stel, net die volgende:

a) Daar het 'n hewige storm opgesteek, soveel so dat die dissipels vir hulle lewens gevrees het (:37-38).
b) Deur hulle vrees gedring, maak die dissipels maak Jesus wakker.
c) Jesus het die wind bestraf en die see beveel om stil te word, en daar het stilte gekom (:39).
d) Dan vra Jesus sy dissipels hoekom hulle bang was, en hoekom hulle nie geloof geopenbaar het nie (:40)?

1. **Wat leer ons uit Jesus se optrede?**

- Jesus se hantering van die storm leer ons hoe om stormsterk te wees.
- Die vrae wat Jesus sy dissipels gevra het (:40) dui juis vir ons aan wat die standpunt was wat Jesus ingeneem het:

  a) Moet nie bang wees nie;
  b) Tree met geloof op.

- Verder, is dit baie duidelik dat ons geloof ons optrede wesenlik met mekaar verbind is, want Jesus het die dissipels se vreesagtigheid direk aan hulle gebrek aan geloof verbind.
- Die manier waarop Jesus die wind bestraf het, ooreenstem met die bestraffing van die besetene van Kapérnaüm in Mark. 1:25.
- Dit is geensins vergesog om hierin te sien dat Jesus 'n demoniese aard van hierdie storm op die see onderskei het nie.
- Jesus het van sy dissipels verwag om dieselfde te doen.

2. **Geestelike outoriteit**

a) <u>Eerstens, moet ons verstaan dat die duiwel reeds oorwin is!</u>
   - Kol. 2:13-15
   - Die opstanding van die Here Jesus is die onweerlegbare bewys van hierdie oorwinning!!

b) <u>Tweedens, die duiwel is oorwin - maar hy is nog nie finaal uit die weggeruim nie!</u>
   - Open. 20:10 moet nog gebeur:
   - Nou verstaan ons I Pet. 5:8 reg.

c) Daarom, in die derde plek, verstaan ons die realiteit van die geestelike stryd wat ons voer:
   - II Kor. 10:3; Ef. 6:12

d) Vierdens, gegewe die aard van hierdie stryd wat ons voer, verstaan ons waarom ons in die Bybel - as 'n logiese gevolg van die voorafgaande stellings - daarop gewys word dat ons geestelike wapens tot ons beskikking het en dat ons weerstand moet bied:
   - II Kor. 10:4-6; Ef. 6:11-18; Jak. 4:7
   - Die probleem is dat ons so fokus op die fisiese en die natuurlike, dat ons nalaat om te besef dat daar ook 'n geestelike werklikheid is.
   - Dit is ook noodsaaklik dat ons moet kan onderskei wat aan die gang is, want op die voorgrond sien ons dalk die golwe en die rowwe onstuimige see; mense, situasies en omstandighede, maar daaragter grynslag die duiwel met sy helse demone.
   - Ja, ons wandel in die vlees (liggaam), maar voer 'n geestelike stryd (II Kor. 10:3).

TEN SLOTTE ...

- Aangesien ons dan geestelike wapens tot ons beskikking het, is dit tog duidelik en logies dat daar 'n geestelike stryd gevoer word en dat aan ons geestelike outoriteit gegee word. Hierdie outoriteit spruit nie uit onsself nie, ons lees tog duidelik: Ef. 6:10-11
- Ons het nie nodig om deur ons omstandighede oorweldig te word nie, maak nie saak wat die storm is wat die vyand teen ons aanblaas nie.
- Ons is stormsterk in die Here!
- I Joh. 4:4
- Daarom word ons geloof deur die Woord van die Here versterk, sodat ons hierdie swaard van die gees (Ef. 10:17) in die een hand kan opneem en in die ander hand die skuld van die geloof (Ef. 6:16).
- Daarom kan ons die vyand bestraf in die Naam van die Here - en hy moet van ons af wegvlug - nie oor ons nie, maar oor outoriteit in hierdie edele Naam: Jesus Christus!

PHILIP DE JAGER
Leef die Woord, 23/03/2025
2025/11